



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

GR. 8 DOGTERS EN SEUNS

Brood (Heidi Pretorius)

bakhand, uittand
krom gedra aan jare se vodde

dae se honger drup
uit geplooiëde oë
'n tong wat dorstig
trane sal slurp, slurp
opslurp

dan, skielik!
die onthou van dié dag
die spesiale dag

die geseënde dag

die volkom-dag
die manna-dag

geen asblikdag

toe die Heer se hand
min brood opdien
maar kon voorsien

aan hom en nog
vierduisend nege-honderd nege-en-negentig
ander
en toe nog twaalf houe
te spaar
en man en muis en mossie
wat die oorvloed kon verorber
boepmaag
volmaag
is almal voldaan
tot die dag van more

die dag
die enkele dag
was die bedelhand
n broodwinnershand



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

GR. 9 DOGTERS EN SEUNS

Kuns en Culture (Ronelda S Kanfer)

Ek het 'n geheime lewe
'n geheime obsession
ek like, wel...ek like Afrikanse musiek
okay, sue my!

dit het teen 'n koue Saragaand begin
my pelle was uit en ek moes tuis bly en swot
('n student se lewe suck, big time)

terwyl ek soe deur my boeke vlieg en travel
draai ek my tuner op 'n geheime stasie
en daar sing 'n vrou
en die dj noem die song: 'n nommertjie

en ek lag en wonder
What kind broe?
Wie praat nog so?
nou sit ek en maak naweke liegstories op
sodat ek voor die radio kan sit en skape tel

dis weird hoekom ek skaam is vir 'n taal wat ek praat
dis even nog meer weird dat ek en my vriende
nooit na die "kultuur"-events toe genooi word nie

daar is 'n groot panic attack aan die gang oor 'n taal
maar hulle sal nooit ons hulp vra nie

die geraas gaan nie oor 'n taal nie
dit gaan oor bang mense wat vasklou
soos 'n baba aan 'n bottel
almal moet net groot word



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

GR. 10 DOGTERS EN SEUNS

Geen plan B nie (Danie Marais)

As jy gedigte of stories wil skryf -
die soorte wat gate in mense oopmaak -
vermy dan die oë van die verstandiges.
Verstandiges sien dinge soos dit is,
maar wanhoop nie daaroor nie -
bestuur dit bloot.

Om jou saaklik
deur hulle skerp oë te sien
is dodelik.
Jy sal nie hul afgemete medelye
kan verduur nie.

As jy verstandig wil wees,
vermy die biblioteek.
Netnou krap 'n storie of gedig jou oop
en jy soek rasend,
'n stomme lewe lank,

na die antwoord
op die bot punt
van jou verleppende tong.



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

GR. 11 DOGTERS EN SEUNS

Susan Boyle (Kobus Grobler)

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain's got talent
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van I dreamed a dream
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en ander miljoene op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die wêreld skenk



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

GR. 12 DOGTERS EN SEUNS

27 april 1994 (Vincent Oliphant)

uiteindelik vou ek die verlede toe
knyp sy vlerk tussen duim en vinger vas
tot hy veilig deur gleuf in die geskiedenis glip
en anderkant
wonderbaarlik
vry
die duif van vrede sy blou vlerke sprei

sodat my nuutgebore stem na woorde smag
om lied vir my land
soos 'n vlag aan die tong te laat sweef
bo die geruislose val van skanse van die vel

sodat ek vry uit die vervreemding tree
om in die oë van vergetenes en langverlorenes
uiteindelik myself te kan sien
soos iemand wat ek nooit geken het nie

om aan hulle die hand te gee
en te voel hoe vlees en vlees ontmoet

want een lyn van bloed loop deur die eeue
loop deur die ganse geskiedenis
loop deur elke uithoek van die land
loop deur my en loop deur jou
van Genesis tot nou



Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

VOORGESKREWE GEDIGTE 2026

OPE DAMES EN MANS

Die Bokser (Ernst van Heerden)

Die grense van die klein kryt
is hellende onvastigheid,

waar wit bors fier teen wit bors staan
en skim teen skim die skynhou slaan;

die lyf word wiegend - ritmies, sterk -
tot skerm en liemaak ingeperk;

vier donker oë blits fel en woes,
wyl twee gedaantes mik en koes;

maar elk groteske vuus se smak
laat lis en weerstand verder knak...

die liggaam is so rank gebou
en weerloos teen dié man se hou;

tog sal my mokerslag hom tref
waar hy hom vaag en grynsend hef;

sy beeld versplinter in die glas
waar netnou sy gestalte was;

'n flikker-weerskyn word verskerf;
'n lyf stort soos 'n koringgerf...

Wie is die man wat roerloos lê,
wie't 'n bekende naam gesê?

Waarom die skaar aan't roep en fluit,
en waarom flakker ligte uit ...?